# SKATTEJAG: Jesus se geboorte

## Instruksies:

Lees elke Bybelvers en leidraad soos op hierdie lys, gaan soek dit en merk dit af soos julle klaar is daarmee.

**Leidraad 1:** *Lukas 2:7 "Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen pelk in die herberg was nie"*

**Soek iets sag en warm soos in hierdie versie.**

**Leidraad 2:** Luk 2:8 *"Daar was skaapwagters in daardie omgewing wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het"*

**Soek iets sag en wollerig soos die diere in hierdie versie.**

**Leidraad 3:** Luk 2:9 *"Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die glans van die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie groot geskrik"*

**Soek iets wat julle aan die engele in hierdie versie laat dink.**

**Leidraad 4:** Luk 2:15 *"Nadat die engele van hulle af weggegaan het na die hemel toe, sê die skaapwagters vir mekaar: "Kom ons gaan reguit Betlehem toe om te sien wat gebeur het, soos die Here dit aan ons bekend gemaak het"*

**Soek iets wat die skaapwagters sou gebruik het of aangetrek het toe hulle gegaan het om Jesus te sien.**

**Leidraad 5:** Luk 2:19 *"Maar Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart oordink"*

**Soek iets in dieselfde vorm as waar Maria dit wat gebeur het oordink het.**

**Leidraad 6:** Matt 2:9 *" Nadat hulle die koning aangehoor het, het hulle vertrek; en kyk, die ster wat hulle sien opkom het, het hulle gelei totdat dit gaan staan het op die plek waar die Kindjie was"*

**Vind iets in dieselfde vorm as dit wat die wyse manne na Jesus toe gelei het.**

**Leidraad 7:** Matt 2:11 *"Hulle het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre"*

**Kyk of julle drie goed kan vind wat julle laat dink aan die drie geskenke wat die wyse manne vir Jesus gebring het.**